**22 Januarie** **Skrifgedeelte: Johannes 20:26-31**
**Fokusgedeelte: Johannes 20:30 & 31**
**HK, Vraag 22**

## Deur die evangelie tot geloof

Die woord evangelie beteken “blye nuus”. Die Kategismus begin met die blye nuus dat ons met liggaam en siel, in lewe en in sterwe aan ons Saligmaker, Jesus Christus behoort. Thomas kon die blye nuus van Jesus Christus nie glo nie. Hy wou eers sien. Hy wou self seker maak dat sy oë hom nie bedrieg nie. Jesus laat hom kyk. Hy laat hom selfs voel. Dan vestig die Heilige Gees ons aandag op die geskrewe boek. Ons kan nie soos Thomas sien en voel nie, maar die Bybelskrywer gee vir ons genoeg. Hy gee aan ons die evangelie, die goeie nuus van Jesus Christus. Deur hierdie evangelie as waar en seker te aanvaar, is genoeg vir ons geloof. Die hoofinhoud van hierdie evangelie het God vir ons in die artikels van die geloof gegee. Die evangelie is die Heilige Gees wat van Christus praat. Die geloofsartikels – ons belydenis – praat die Heilige Gees na.

Maar dit is die Gees wat ons die versekering gee. Alles wat in die evangelie beloof word en in die geloofsartikels bely word, is genoeg vir ons geloof. Verder is dié belofte gewis en seker: deur te glo, het ons die ewige lewe (vers 31).

*Sing: Skrifberyming 27:1–5 (1939-beryming)* *Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*
*Skrifberyming 12-2:1-5*